
# NG Gemeente Rietfontein-Suid
# Bybel Blokraai - Junie 2012




## Tema: Genesis 31 tot 50

### Dwars

1. Farao se drome het na hierdie verskynsel verwys. (Gen. 41:27)

5. Die tweede betaalmiddel vir kos tydens die hongersnood. (Gen. 47:16)

7. Die pand wat Juda moes betaal in ruil vir 'n boklam. (Gen. 38:17)

8. Een van die broers is met hierdie roofdier vergelyk. (Gen. 49:9)

10. Josef se broer wat moes agterbly. (Gen. 42:24)

11. Die liggaamsdeel waar hy ‘n besering opgedoen het by Pniël. (Gen. 32:32)

13. Dit was in die mandjies van die droom. (Gen. 40:16)

15. Wat was Jakob en sy familie se nering? (Gen. 46:34)

18. ‘n Graan produk waarna die hele wêreld gesmag het. (Gen. 41:57)

20. Sy is onteer deur ‘n Hewiet. (Gen. 34:2)

22. Josef is tronk toe a.g.v. ‘n valse klag van _______________.(Gen. 39:12-19)

23. Stamhoof van Esau. (Gen. 36:41)

24. Dit was opmerklik en tot almal se verbasing, met die plasing aan die tafel. (Gen. 43:33)

27. Nada hy vir Potifar gewerk het, was hy ook by hierdie plek baie geseënd. (Gen. 39:22)

28. Die persentasie opbrengs wat altyd na die Farao gaan. (Gen. 47:26)

## Af

2. Die valse oorsaak van wat met Josef gebeur het. (Gen. 37:33)

3. Dit is saam terug in die graansakke. (Gen. 44:2)

4. Hulle is hiervan beskuldig met hul aankoms in Egipte. (Gen. 42:14)

6. Hy is verkeerdelik as die oudste geseën. (Gen. 48:14)

9. By hierdie plek het Jakob se naam verander. (Gen. 32:22-28)

12. Uiteindelik sou die Israeliete hulself in hierdie Egiptiese gebied vestig. (Gen. 45:10)

13. Sy oorspronklike naam klink soos ‘n dorp naam in die Oos-Rand. (Gen. 35:18)

14. Josef se bynaam wat hy by sy broers gekry het. (Gen. 37:19)

15. Die tydperk in dae wat balseming neem. (Gen. 50:3)

16. Josef se tronkklere is hiermee vervang. (Gen. 41:42)

17. ‘n Geskenk wat Jakob saam gestuur het Egipte toe. (Gen. 43:11)

19. Tydens hierdie geleentheid van Farao is die bakker gehang. (Gen. 40:20)

21. Laban wou met hierdie instrument vir Jakob afskeidsmusiek gee. (Gen. 31:27)

25. Hy wou nie dat daar kinders vir sy broer gebore word nie, en is later gestraf daarvoor. (Gen. 38:9)

26. Een van die 12 wat wraak gaan pleeg het. (Gen. 34:25)